

EERSTE SKOOLHOOF OORLEDE



Waar ons op die drumpel staan om die 50-jarige bestaan van ons skool te vier, het ons met leedwese verneem dat die eerste skoolhoof van die Hoërskool Framesby, dr. D.J. Visser, verlede naweek oorlede is.

Framesby is soveel verskuldig aan die nalatenskap van dr. Visser en al die ander baanbrekers wat in die eerste jare van hierdie skool se bestaan bepaalde waardes en gebruike hier gevestig het wat vandag nog die ruggraat van Framesby vorm.

Dr. Visser was skoolhoof vanaf 19 Januarie 1966 tot in 1977, toe hy aangestel is as Inspekteur van Onderwys. Hy het deur die jare die doen en late van Framesby met groot belangstelling gevolg, en het geweldig daarna uitgesien om volgende jaar deel te vorm van die 50-jarige feesprogram.

Ons diepste meegevoel gaan aan sy gesin en familie. Mag ons nooit sy nalatenskap versaak nie. Lees gerus die stukkie uit die 1976-feeblad op bladsy 3 en 4.



D.J. VISSER
Oud-skoolhoof

MEV. LOMBARD TREE AF

Wiskunde in Framesby sal na dese nooit weer dieselfde wees nie. Na 'n lang skof by Framesby neem ons vanjaar afskeid van mev. Magriet Lombard. Haar vertrek is 'n gevoelige verlies en groot getalle huidige- en oud-leerders sal kan getuig van die ongelooflike bydrae wat mev. Lombard tot nie net hul akademiese prestasie nie, maar ook tot hul lewens gemaak het.

Die Lombard-familie was jare lank 'n integrale deel van die Framesby-gemeenskap. Mnr. Gerrit Lombard was vanaf die middel-80's tot 2008 Adjunkhoof, en hul twee kinders, Marga en Gerrie, was beide hoofleiers in onderskeidelik 1999 en 2002.

Behalwe vir haar briljante Wiskunde-onderrig, was mev. Lombard deur al die jare een van die groot steunpilare by Framesby se atletiek. Tot verlede jaar het sy vir etlike jare ook opgetree as ons Atletiekorganiseerder. Wie sal ooit hulle bydrae tot Framesby se aflosse vergeet?

Framesby sal u terdeë mis, mev. Lombard, maar ons gun u die rustigheid! Wees verseker dat u voorbeeld en nalatenskap nog lank hier sal voortleef.



RAPPORTE

Woensdag 9 Desember
07:30 tot 08:30
In die Skoolsaal

Indien die leerder/ouer nie self die rapport in ontvangs kan neem nie, moet skriftelike toestemming verleen word aan die persoon wat dit namens die leerder sal ontvang.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Leonelle Conradie 12E
Sascia Kapp 9A
Jeandre Munro 10D
Jeanré Munro 9A

Sondag

Caitlin Francis 8D

Maandag

Hunter Claasen 9A
Zandrey Claasen 9C

Dinsdag

Dewald Pretorius 11A

Woensdag

Charné Leach 10B
Luan Rademeyer 10D
Kara Annelize van Heerden 8A

Donderdag

Tiaan Ferreira 12B
Dantré Haasbroek 9F
Charles Lotriet 8B
Dylan van der Berg 9D

Vrydag

Megan Mackenzie 10F

MATRIEKS STAP FINAAL HIER UIT

DIE EKSTA MYL LOOP KRY NUWE BETEKENIS!



Soos dit reeds etlike jare die gebruik is, los ons Graad 12's hul skoolskoene agter wanneer hulle hul laaste vak skryf. Vanjaar was dan geen uitsondering nie, en Woensdagoggend, nadat hulle die derde vraestel in Engels afgehandel het, het die meeste met groot genoë hul skoene uitgetrek en op hul kouse die pad gevat.

Dis darem nie net dat hulle simbolies op hierdie manier die Framesby-stof van hul voete afskud nie, maar dis ook 'n groot filantropiese gebaar deurdat ons hierdie skoene gaan versprei aan minderbevoorregte kinders. Hiermee bedank ons graag hierdie groep vir hul ongelooflike reaksie op die versoek. Mag iemand anders nog baie ekstra myle in hierdie skoene loop! Op die middelste foto hierbo oorhandig mnr. Chris Nell die skoene aan die CMR.

Daarmee het die "Class of 2015" dan finaal afskeid geneem. Die eksamen was beslis nie elke dag 'n "breeze" nie, en hulle moes vir meer as vyf weke swoeg om deur al die stres te kom. Tog was hul positiewe gesindheid elke dag sigbaar. Dis ons almal se wens dat elke Graad 12-leerder in Januarie GROOT vreugde sal ervaar wanneer die uitslae bekendgemaak word.

HOOFLEIERS NA JEUGLEIERS-SEMINARE EN -KAMPE



Terwyl die meeste ander leerders nou lekker kan ontspan en vakansie hou, is ons vier hoofleiers eers 'n bietjie besig met dieper dinge!

Willem Adriaan, Briget en Lara woon volgende week die ATKV-jeugleierskonferensie, wat by die Goudini Spa naby Worcester aangebied word, by. In die verlede het ons hoofleiers hierdie konferensie as iets baie spesiaal ervaar, en dis ons wens dat vanjaar se groep dit ook as baie leersaam en opbouend sal ervaar.

Intussen het die besondere eer Briget te beurt geval om genooi te word na die Jeugleierskonferensie wat elke jaar deur *Die Burger* in Muizenberg, naby Kaapstad, aangebied word.

Dis 'n besondere prestasie deurdat slegs 'n beperkte getal jeugleiers gekies word om dit by te woon. By hierdie geleentheid word die jeugleiers nie net deur uitgelese sprekers toegesprek nie, maar kry elkeen ook die geleentheid om 'n toespraak te maak oor 'n bepaalde onderwerp. Die Burger publiseer dan daaglikse uittreksels uit hierdie toesprake. Praat van "pressure"! Intussen besoek hulle ook verskeie geskiedkundige en besondere plekke in die Kaap. Baie sterkte, Briget, en mag di teen van die mees opwindende en leersame ervarings van jou lewe wees! Framesby is baie trots op jou.

Francois woon die Nasionale Landsdienskamp in Pietersburg by. Dis ook 'n besondere eer wat nie sommer enigiemand te beurt val nie. Baie geluk, Francois. Ons is trots op jou en hoop jy geniet dit geweldig!

ONS BRING HULDE

Dr. Visser se bydrae in die feesblad met Framesby se 10-jarige viering

‘n DEKADE VAN GROEI EN ‘n TOEKOMSBLIK

Die eerste skof van 10 jaar is reeds deel van die geskiedenis. Op 19 Januarie 1966 het die Hoërskool Framesby sonder basuin en trompetgeskal die elfde hoërskool in Port Elizabeth geword.

Met die verwesenliking van hierdie eerste mylpaal moet ons hulde bring aan elke onderwyser, ouer en leerling wat 'n konstruktiewe bydrae tot die uitbouing van hierdie skool gelewer het. Die hoogtepunte wat kenmerkend was van die eerste tien jaar is nie sonder opoffering verkry nie. Die skool het nie alleen 'n groei in getalle en fasiliteite ondervind nie, maar die hele struktuur van die onderwys het wesenlik verander. In elke opsig het die Hoërskool Framesby nie alleen tred gehou met die tegnologiese ontwikkeling nie, maar self in baie opsigte toonaangewend geword.

By hierdie heuglike gebeurtenis is dit seker gepas dat ons die hede op die toekoms projekteer. Die volkere van die aarde is op mars. En die tempo - die spoed - waarteen hulle beweeg, word vandag meer as enige tyd in die geskiedenis bepaal deur die hoeveelheid kennis waaroor hulle beskik en hoedat hulle daardie kennis kan aanwend. Kennis, net soos die tegniek, is steeds besig om te verouder. Met ander woorde, die onderwys van die toekoms sal so moet lyk: in plaas daarvan dat ons so veel van die kennis van vandag neem en dit in die verstand van die kind giet, neem ons 'n deel daarvan en laat die kind dit so absorbeer - laat hom so meedoen aan sy eie onderwys en opvoeding, dat ons by hom die verrnoë kweek om self kennis te bekom, om krities te dink, om 'n probleem te sien en te identifiseer en tot 'n logiese, intelligente gevolgtrekking te kom.

Gedagtig aan die beperkte verrnoëns van ons as mense en wel wetende dat, " .. as die Here die huis nie bou nie, tevergeefs die werk van die bouliede", wil ons ten slotte ook ons Christelike onderwysdoelstelling in die woorde van 2 Tim. 3: 16-17 formuleer:

"Die hele skrif is deur God ingegegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." ,

1966 - Die Begin - 1966 Personeel en Leerlinge



ALGEMEEN EN


RYKDOM EN ARMOEDE

ONS lewe in 'n wêreld waarin daar groot teenstellings is tussen armoede en rykdom. Terwyl 'n groot deel van die mensheid in armoede en selfs broodgebrek verkeer, is daar 'n klein minderheid wat in die grootste weelde lewe en met hul geldmag groot invloed uitoefen. As 'n mens kon kies of jy ryk of arm sou wil wees, sal seker niemand armoede kies nie. Dit is so haglik en pynlik, dit sluit 'n mens van soveel geleenthede uit, dit reduseer jou lewe tot 'n blote bestaanstryd, dit is vernederend en mensonwaardig. Daarteenoor lyk rykdom so lekker, so gerieflik, so vernaam, so gelukkig. Dit ontsluit die lewe en sy moontlikhede. Dit maak van die mens 'n koning. Geld is immers mag. Wie is daar wat dit dus nie sal begeer nie? Tog is dit nie so eenvoudig nie. Wie goed genoeg waarneem wat in die wêreld gebeur en daaroor nadink met die wysheid wat die omgang met Gods Woord aan ons skenk, weet maar alte goed dat sowel rykdom as armoede vir die sondige mens groot bedreiging inhou en dat albei geestelik vernietigend kan wees, tensy hulle reg hanteer word. Daarom is dit nie vreemd nie dat Agur die wyse in Spr. 30:8 sê: Moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie. Net sterk bene kan die weelde van rykdom dra. Vir baie mense lei rykdom tot innerlike verworping. Oorversadiging met aardse besittings kan 'n mens blind maak vir enigiets anders as geld en besittings en die genot wat dit koop. Geld kan baie dinge koop, maar nie die dinge wat werklik waarde het vir die ewige lewe nie. Egte geluk koop 'n mens nie met geld nie. Dikwels kan ons 'n ryk mens maar net innig jammer kry, omdat hy so eensydig, oppervlakkig, geestelik bankrot en pateties is. Maar net so kan dit ook gaan met die werklike arm mens wat sy lewe verteer in die stryd om in die basiese behoeftes van die liggaam te voorsien. Daar bly geen tyd oor vir die lewe van die gees, vir 'n menswaardige ontwikkeling en ontplooiing nie. By baie ontstaan daar 'n wrok wat nie weer besweer kan word nie, of hulle versink in die dowwe ellende van 'n benede-menslike bestaan waaruit alle adel en fynheid weg is. Daarom leer die Bybel ons dat ons vergenoegd moet wees as ons kos en kleren het. Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het dit nagejaag en toe van die geloof afgedwaal en hulself daardeur baie ellende op die hals gehaal (1 Tim. 6:10). Terselfdertyd hou die Bybel nie op om ons te vermaan om armoede te probeer verlig nie. Daarmee versag ons nie net die lot van die armes nie; ons help hulle ook glo in die barmhartigheid van God.

Uit *Die Burger* 25 Februarie 1989

SIELSKOS

DIE OORSPRONKLIKE SKOOLWAPEN EN DIE SIMBOLIEK DAARVAN



Die Driehoek:

Die driehoek waarin die wapen gemonteer is, versinnebeeld die driepoolstruktuur in die onderwys: ouers, onderwysers en leerders. Onderwys en opvoeding is ondenkbaar sonder 'n gesonde wisselwerking tussen hierdie drie.

Die Fakkelt:

Die brandende fakkel herinner ons aan die geslagte wat voor ons die fakkel van die godsdiens en beskawing van hand tot hand oorhandig het. Maar meer nog, dit herinner ons aan die goeie uit die verlede en roep ons op om die toekoms daarop te bou.

Die Tablet:

Die rooi tablet wat die skool se leuse as inskripsie het, versinnebeeld die bouwerk getrou aan die leuse.

DIE LEUSE:

Die leuse *Conserva et Extrue* beteken eintlik Handhaaf en Bou. Met hierdie leuse verbind elke leerling homself/haarself om die kultuurgoedere wat oorgedra is, nougeset te handhaaf en suiwer oor te dra, sodat kragtig gebou kan word aan die Republiek van Suid-Afrika.

(Geneem uit die 1976-Feesblad soos saamgestel deur dr. Visser, die Skoolhoof)